Graad 2: Maandag, 22 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: **gl-** **gr-**	Ons hersien die klanke. Laat Mamma/Pappa vir jou hierdie 10 saamgestelde woorde vra en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf: glas + bak ; pos + gleuf ; seep + glad ; glans + blad ; gloei + lamp ; gruis + pad ; dol + graag ; groei + pyn ; vis + graat ; tuin + graaf
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets.
Taalwerk: **Rymwoorde**	Identifiseer die twee woorde wat rym in elke ry: - bak dag bek mes dak - tel dig bel wil bom - mol bul rug wol bog - dis mis sug rof kul
Lees **(Opsioneel)**	Huistaal Boek 1 bl. 82 – 83: Lees die leesstuk *Die wildtuin* op bl. 82 – 83 en beantwoord die drie vrae op bl. 83 mondelings of skriftelik.
Engels	
Phonics: **n - sound**	Kyk weer na die woorde op bl. 13 in jou Phonics-boekie. Laat Mamma/Pappa nou vir jou hierdie 10 woorde vra as 'n toetsie en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf.
Sentence	Skryf die sin op bl. 13 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading **(Opsioneel)**	English Book 1 bl. 61: Lees die leesstuk *Our busy week* op bl. 61. Ons het dit al geoefen, so jy behoort dit nou mooi vlot te lees.
Wiskunde	
Getal 13 **Getal 14** **Getal 15**	- Vra vir u kind die volgende vrae oor getal 13: Is dit 'n ewe of onewe getal? Wat kom voor 13? Wat kom na 13? Herbenoem die getal (Antwoord: 13 = 10 + 3). Hoeveel tiene is in 13? Hoeveel ene is in 13? Wat is 10 meer as 13? Wat is 10 minder as 13? - Vra nou dieselfde vrae oor getal 14 en getal 15. - Ken jy nog jou maats van 13, 14 en 15? Help die hoenders om te besluit watter kombinasies van eiers hulle in elke hok moet lê. Die twee getalle langs mekaar moet saam die getal gee wat bo in die dakkie staan. (Werkvel 1)
Getalname	Skryf die getalname (bv. ses en dertig) neer: 17 ; 45 ; 76 ; 98 ; 69

Graad 2: Dinsdag, 23 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: **kl-** **kn-**	Ons hersien die klanke. Laat Mamma/Pappa vir jou hierdie 10 saamgestelde woorde vra en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf: klip + huis ; klim + raam ; klei + man ; vas + klou ; in + kleur ; deur + knop ; vas + knoop ; knaag + dier ; kneus + plek ; af + knou
Geheuesin	Ek nooi my maatjie na ons nuwe huis.
Taalwerk: **Leestekens**	Skryf die sinne oor en gebruik die korrekte hoofletters en leestekens: - jan en anna gaan dinsdag spur toe - pasop vir die leeu - mamma is lank maar ek is kort - waar bly koos vrydag - ek hou van blou rooi geel en groen
Lees **(Opsioneel)**	Huistaal Boek 1 bl. 86 – 87: Lees die leesstuk *By die see* op bl. 86 – 87 en beantwoord die drie vrae op bl. 87 mondelings of skriftelik.
Engels	
Phonics: **p - sound**	Kyk weer na die woorde op bl. 14 in jou Phonics-boekie. Laat Mamma/Pappa nou vir jou hierdie 10 woorde vra as 'n toetsie en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf.
Sentence	Skryf die sin op bl. 14 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading **(Opsioneel)**	English Book 1 bl. 64: Lees die leesstuk *Day and night* op bl. 64. Ons het dit al geoefen, so jy behoort dit nou mooi vlot te lees.
Wiskunde	
Dae **Maande** **Kalender**	- Hoeveel dae is in 'n week? Watter dag kom voor Sondag? Watter dag is 2 dae na Woensdag? Vandag is Dinsdag, watter dag was gister? Watter dae kom tussen Maandag en Donderdag? (Mondelings) - Hoeveel maande is in 'n jaar? Wat is die derde maand? Watter maand kom na Junie? Watter maand kom voor Desember? Watter maand kom tussen Julie en September? (*Doen slegs mondelings.*) - Voltooi die kalender van Junie 2020 en beantwoord dan die vrae oor die kalender. (Werkvel 2)
Getalpatrone	12 15 __ __ __ 27 __ __ ; __ 30 __ __ __ 22 20 18 __ __ __ 97 98 99 __ __ ; 51 61 71 __ __ __ __ __ __

Graad 2: Woensdag, 24 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: **kr-** **kw-**	Ons hersien die klanke. Laat Mamma/Pappa vir jou hierdie 10 saamgestelde woorde vra en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf: kleur + kryt ; om + krap ; bees + kraal ; kreef + poot ; weg + kruip ; verf + kwas ; kwyl + kol ; maag + kwaal ; kweek + huis ; kwes + baar
Geheuesin	Die bome se blare verkleur in die herfs.
Taalwerk: **Voorsetsels**	Kies die korrekte voorsetsel uit die blokkie bo-aan die bladsy om die sinne te voltooi. Gebruik die prente om jou te help. (Werkvel 3) Wenk: Vul eers die woorde in waaroor jy seker is, dan sal jy makliker kan sien watter woorde oor is vir die res van die sinne.
Lees **(Opsioneel)**	Huistaal Boek 1 bl. 90 – 91: Lees die leesstuk *Terug huis toe* op bl. 90 – 91 en beantwoord die drie vrae op bl. 91 mondelings of skriftelik.
Engels	
Phonics: **r - sound**	Kyk weer na die woorde op bl. 15 in jou Phonics-boekie. Laat Mamma/Pappa nou vir jou hierdie 10 woorde vra as 'n toetsie en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf.
Sentence	Skryf die sin op bl. 15 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading **(Opsioneel)**	English Book 1 bl. 69 – 70: Lees die leesstukke *Calenders* op bl. 69 én *When is your birthday?* op bl. 70. Ons het dit al geoefen, so jy behoort dit nou mooi vlot te lees.
Wiskunde	
Woordsomme	- Daar is 18 rooi stokkielekkers. Mamma koop nog 16 bloues. Hoeveel stokkielekkers is daar altesaam? - Daar is 6 sakkies. In elke sakkie is daar 3 appels. Hoeveel appels is daar altesaam? - Ouma bak 23 koeke vir die kermis. Die mense koop 14 koeke. Hoeveel koeke bly oor? - Jan het 30 albasters. Hy deel dit gelykop tussen 5 maats. Hoeveel albasters kry elke maat?
Waarde	Wat is die waarde van die onderstreepte syfer in elke getal? Bv: 3**9** → 9 (of: 3**9** → 9 ene) ; **2**6 → 20 (of: **2**6 → 2 tiene) **6**3 ; 5**8** ; **1**9 ; 2**4** ; **7**0

Graad 2: Donderdag, 25 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: **pl-** **pr-**	Ons hersien die klanke. Laat Mamma/Pappa vir jou hierdie 10 saam-gestelde woorde vra en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf: seer + plek ; plaas + vark ; plat + sak ; frons + plooi ; bou + plan ; bad + prop ; proe + glas ; prys + geld ; preek + stoel ; pruim + pit
Geheuesin	Hulle kuier graag by ouma en oupa.
Taalwerk: **Werkwoorde**	Identifiseer die werkwoord(doenwoord) in elke sin: - Die hond spring oor die muur. - Ek hardloop baie vinnig. - Mamma lees 'n boek.
Lees **(Opsioneel)**	Huistaal Boek 1 bl. 94 – 95: Lees die leesstuk *Terug in die klas* op bl. 94 – 95 en beantwoord die 4 vrae op bl. 95 mondelings of skriftelik.
Engels	
Phonics: **s - sound**	Kyk weer na die woorde op bl. 16 in jou Phonics-boekie. Laat Mamma/ Pappa nou vir jou hierdie 10 woorde vra as 'n toetsie en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf.
Sentence	Skryf die sin op bl. 16 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 16 op bl. 41 van jou Phonics-boekie. Oefen hierdie leesstuk totdat jy dit mooi vlot kan lees.
Wiskunde	
Pylnotasie **plus**	bv: 26 + 19 20 + 10 → 30 + 9 → 39 + 6 = 45 Doen nou die volgende somme op hierdie metode: 38 + 24 ; 62 + 37
Pylnotasie **minus**	bv: 42 – 15 42 – 10 → 32 – 5 = 27 Doen nou die volgende somme op hierdie metode: 31 – 14 ; 63 – 26
Getalsimbole	Skryf die getalsimbole (bv. 65) neer vir die volgende getalle: een en dertig ; sewe en sestig ; twee en neëntig ; vyftien ; tagtig

Graad 2: Vrydag, 26 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: **sk-** **sl-**	Ons hersien die klanke. Laat Mamma/Pappa vir jou hierdie 10 saam-gestelde woorde vra en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf: skil + pad ; son + skyn ; skop + fiets ; skeer + mes ; uit + skeur ; deur + slot ; slim + kop ; sloop + rok ; slaai + bak ; slaap + sak
Geheuesin	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit.
Taalwerk: **Lettergrepe**	Deel die volgende woorde op in lettergrepe: swembad ; skoenlapper ; suurlemoenboom ; hemp ; appelkoos
Lees **(Opsioneel)**	Huistaal Boek 1 bl. 102 – 103: Lees die leesstuk *Die haelbui* op bl. 102 en beantwoord die drie vrae op bl. 103 mondelings of skriftelik.
Engels	
Phonics: **t - sound**	Kyk weer na die woorde op bl. 17 in jou Phonics-boekie. Laat Mamma/ Pappa nou vir jou hierdie 10 woorde vra as 'n toetsie en kyk hoeveel van hulle jy reg kan neerskryf.
Sentence	Skryf die sin op bl. 17 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading **(Opsioneel)**	English Book 1 bl. 73: Lees die leesstuk *Autumn and spring* op bl. 73. Ons het dit gister geoefen, so jy behoort dit nou mooi vlot te lees.
Wiskunde	
Breuke	Watter breuk is ingekleur op elke prentjie? (Antwoord mondelings)
2D & 3D **Patrone**	- Groeiende en herhalende patrone (Werkvel 4) - Sê elke keer of die 3D – voorwerp 'n *sfeer*, *kubus* of *silinder* is 

Werkvel 1: Maats van 13, 14 & 15

Help die hoenders om te besluit watter kombinasies van eiers hulle in elke hok moet lê. Die twee getalle langs mekaar moet saam die getal gee wat bo in die dakkie staan.



Werkvel 2: Kalender

Maand: Junie						Jaar: 2020
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sa.

Hoeveel dae is daar in hierdie maand?

Op watter dag val 20 Junie?

Hoeveel Dinsdae is daar in Junie?

Op watter dag val 1 Julie?

Vandag is 13 Junie. Wat is die datum oor 2 weke?

Ester verjaar 10 Junie en Kobus verjaar 25 Junie. Wie is die oudste?

Vandag is 4 Junie. Wat is die dag en datum oor 3 weke?

Wat is die datum van die derde Vrydag in Junie?

Werkvel 3: Voorsetsels

op	deur	uit	voor	bo
teen	met	onder	agter	tot

Die besem staan _____ die deur.

Die boek is _____ die tafel.

Die hond lê _____ die bed.

Ons speel _____die bal.

Pa drink water _____ 'n glas.

Hulle loop _____ die bos.

Ek verkies koffie _____ tee.

Die meisie staan _____ die venster.

Die leer staan _____ die muur.

Wag hier _____ halfvier.




Werkvel 4: Groeiende en herhalende patrone

'n **Herhalende patroon** beteken dieselfde vorms word oor en oor gebruik. Dit word herhaal, bv: □○□○□○

1. Voltooi die volgende herhalende patrone:

△○□△○□
△△○△△○

'n **Groeiende patroon** beteken die vorms word meer. Hulle groei, bv:

□○□□○□□□ of □○□□○○□□□

(Kyk mooi! Soms groei net een vorm en soms groei al die vorms.)

2. Voltooi die volgende groeiende patrone:

□○□□○□□□○
△○△△○○△△△
○○□○○□□
△□□△△□□△△△

3. Ontwerp jou eie **herhalende** patroon. Gebruik vierkante en sirkels.

4. Ontwerp jou eie **groeiende** patroon. Gebruik reghoeke en driehoeke.

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

Afrikaans

Rymwoorde: https://youtu.be/Y7cyf8VzcqQ

Voorsetsels: https://youtu.be/LIR_sPMAIfs

Lettergrepe: https://youtu.be/0s8mxUhRcm4

Leestekens: https://youtu.be/mhfSSBgC4WQ

Werkwoorde: https://youtu.be/dazDpVIkSMU

Wiskunde

Getalname en getalsimbole: https://youtu.be/zQmXDqPViqo

Breuke: https://youtu.be/gRT9Ff6CxwY

Groeiende en herhalende patrone: https://youtu.be/tADsiYOvl3c

Hierdie week doen ons weer lekker hersiening. Die addisionele werkvel kan weer (opsioneel) as 'n "toets" gebruik word om te kyk of jy die werk wat ons deur die week gedoen het onder die knie het.

Wenk: Oefen om jou masker vir langer tye aaneen te dra voordat die skool begin. Dalk kan jy elke dag jou masker aansit terwyl jy besig is met jou skoolwerk...

ADDISIONELE WERKVEL: Wiskunde

1. Getal 13, 14 & 15

6 + = 13	+ 10 = 14	2 + = 15	13 – 3 =
14 – = 7	15 – 11 =	4 + = 13	14 – = 8

2. Getalname

19 → _____

57 → _____

3. Dae van die week / Maande van die jaar

3.1 Watter dag kom na Maandag?

3.2 Watter dag kom tussen Vrydag en Sondag?

3.3 Watter maand kom na Februarie?

3.4 Watter maand kom voor Januarie?

4. Getalpatrone

37 39 _____ _____ 45 _____ _____ 51 _____ _____

145 140 _____ _____ _____ 120 _____ _____ 105 _____

5. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer?

4̲9 → 3̲8 → 9̲2 →

1̲2 → 5̲3 → 10̲6 →

ADDISIONELE WERKVEL: Wiskunde

6. Woordsomme

   6.1 Hoeveel pote het 10 perde?

   6.2 Ek het R20 in my beursie. Ek koop 'n roomys van R4.50. Hoeveel kleingeld (R) kry ek?

   6.3 Daar is 18 lekkers. Deel dit gelykop uit vir 4 maatjies. Hoeveel lekkers kry elkeen en hoeveel bly oor?

7. Pylnotasie: plus en minus

67 + 25
54 – 16

8. Getalsimbole

   nege en sewentig → _____ honderd en vyf → _____

9. Kleur die breukdele in:



10. Voltooi die groeiende patroon:



ADDISIONELE WERKVEL: Afrikaans

Lappies die nar werk by die sirkus. Sy neus is rooi en sy klere is gelap. Hy doen oulike toertjies. Ons het lekker gelag toe hy van sy fiets af val en ook toe hy 'n koek in die ander nar se gesig gooi.

11. Soek 'n woord in die leesstuk wat rym met: kar →
    mooi →
    soen →

12. Soek twee werkwoorde in die leesstuk.

13. Breek die woorde op in lettergrepe: oulike →
    gesig →
    lekker →

14. Vul die regte voorsetsels in:

in
onder
op

    14.1 Lappies klim _____ sy fiets.
    14.2 Hy kruip _____ die tafel weg.
    14.3 Hy gooi die koek _____ die ander nar se gesig.

15. Skryf die sinne oor en gebruik die korrekte leestekens:
    15.1 hoekom is lappies so laf
    15.2 pasop die fiets gaan omval
    15.3 piet koos en jaco gaan woensdag sirkus toe

ADDISIONELE WERKVEL: Afrikaans

16. Klanketoets: (Vra vir u kind hierdie woorde as 'n klanketoets.)

    gloeilamp ; visgraat ; piepklein ; deurknop ; wegkruip ; kweekhuis ; seerplek ; pretpark ; sonskyn ; slaaibak

ADDISIONELE WERKVEL: Engels

17. Phonics test: (Vra vir u kind hierdie woorde as 'n klanketoets.)

    nut ; pig ; row ; six ; ten ; nose ; pet ; red ; sip ; tell

18. Rewrite the sentences and fill in the missing words:

    My friend is years old today.

    The is on the farm.

    I wear a on my finger.

    The  is very hot.

    I can count to  .

19. Colour in the correct punctuation mark:

    Do you see the fox ! ? ○

    I can do this sum ! ? ○